# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# *Koninkrykstyd*

**10 NOVEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **19**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Diens van Barmhartigheid | **Landbou vat hande met NG Kerk in Vrystaat-brande**

## 05 VERBI DIVINI MINISTER

05 Erediens Netwerk | **Saam met kinders vóór Kersfees**

## 06 ARTIKELS

06 Bedieningsbegeleiding | **Twee splinternuwe publikasies oor Verslawing en ADD**

06 Vennote in Getuienis | **Ds Poppie van Grootfontein**

06 Vennote in Getuienis | **Splintergroepe in Islam: Die *Sikhs***

06 Afrika-Ekumene | **Ons susterskerk in Malawi stig nuwe gemeente: Cape Town CCAP**

06 Algemeen | **Pelgrimstog van Hoop se Ligtoringroete**

06 Algemeen | **Leraar verlaat bediening ná tref-en-trap-botsing**

## 09 MEDIATEEK

09 Boek en Inventaris | ***Protestant Spiritual Exercises*** - *Theology, History and Practice*

## 08 DIS 'N RING-DING

08 Ring-projekte | **Ring van Harrismith**

## 11 EKOLOGIE

11 **Die $CO_2$-'kombers' om ons aarde raak al dikker** | Klimaatsverandering

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 Algemene Sinodenuus | Deel 2

13 Advertensies

14 Opfrissingskursus vir spirituele begeleiers | 2024

## 15 OPLEIDING

## 16 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

NUUT

## 17 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 18 VERJAARSDAE

## 19 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 23 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Janke Hurter | Enrico Casaleggio | Netwerk24, Volksblad | VrydagNuus, Kaapkerk | Frederick Marais | NG Kerk Kerkbode | Bybelmedia CLF | Jors Reynders Blêr | Martin Schwella

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

***16-18 FEBRUARIE 2024**
**VROUEKONFERENSIE**
Hebreërs 11:1
**Deel van God se Storie*
Amanzi Private Game Reserve | Kom wees deel
**BESPREEK NOU!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 24 November**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za




VRYPOS-FOKUS

# Landbou vat hande met NG Kerk in Vrystaat-brande

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

"Die meeste van ons Vrystaat Landbou-lede is lidmate van NG Kerk-gemeentes in die betrokke dorpe en ek en ds De la Harpe le Roux, uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat se Diens van Barmhartigheid, ken mekaar al jare lank en werk goed saam."

**Dr Jack Armour, *Kommersiële bestuurder: Vrystaat Landbou***

"Landbou is my werk en belangstelling. Ek lees die *Landbouweekblad* en *Farmers' Weekly* as ontspanning tydens my vakansies. Ek beskou dit as my roeping om die Vrystaat-boere te dien." Só vertel dr Jack Armour, wat nou al 15 jaar "vir die boere van Vrystaat Landbou werk" en voorheen 'n lektor en navorser aan die Universiteit van die Vrystaat was.



Jack is die kommersiële bestuurder by Vrystaat Landbou wat onder andere die bestuur van landelike ontwikkeling behels (waaronder grondsake en transformasie ressorteer), asook die bestuur van natuurlike hulpbronne soos water, besoedeling, die impak daarvan op mynbou, rampe, ensovoorts. Hy dien ook op kommersiële sakekomitees wat onder andere infrastrukture soos telekommunikasie, energie, paaie, en belasting behels.

Beide Jack en sy vrou is gebore en getoë Vrystaters. "My familie het vir drie geslagte tussen Tweespruit en Westminster geboer," vertel hy, "en my vrou se familie boer nou al vyf geslagte lank tussen Ficksburg en Fouriesburg teen die Lesotho-grens." Dié man weet dus waarvan hy praat.

**Ons wou by Jack weet hoe dit gebeur het dat Vrystaat Landbou en hul boereverenigings met die NG Kerk Vrystaat begin saamwerk het.**

"Vrystaat Landbou het rofweg 150 landbouverenigings in Vrystaat-dorpe wat by Vrystaat Landbou geaffilieer is. Uit die landbouverenigings is daar rofweg 3000 landbou-entiteite wat lede van Vrystaat Landbou is.

"Die meeste van ons lede is lidmate van NG Kerk-gemeentes in die betrokke dorpe en ek en ds De la Harpe le Roux, uitvoerende amptenaar van die NG Kerk Vrystaat se Diens van Barmhartigheid, ken mekaar al jare lank en werk goed saam.

**Daar is natuurlik goeie redes waarom hierdie samewerking so effektief is, nè?**

"Ja, beslis. Die NG Kerk verkies om via die Vrystaat Landbou-strukture te werk, omdat alle finansiële skenkings aan Vrystaat Landbou direk na die geaffekteerde boere gekanaliseer word.

"Vrystaat Landbou se grondvlakstrukture, soos die landbouverenigings, ken die boere in hul gebied en weet wie regtig groot nood het en watter boere hulself dalk kan help. Die moeilike besluite om die beperkte ramphulp regverdig aan die regte boere te allokeer, word dus aansienlik vergemaklik.

"Vrystaat Landbou werk streng volgens hul **risikobestuursbeleid** vir rampe. Hierdie beleid word jaarliks hersien en verbeter danksy lesse wat uit die praktyk geleer word. Sodoende word die boere die beste gedien. "Dis ook 'n pluspunt dat Vrystaat Landbou se Ramphulpfonds en finansies geoudit word. Dit skep vertroue en dra daartoe by dat die proses deursigtig bly."

**Hoe werk die proses vandat 'n brand ontstaan totdat julle daarvan kennis neem en begin optree; hoe word hulp wat inkom, versprei en gekanaliseer?**

"Lede van 'n landbouvereniging vorm deel van die plaaslike Brandbeskermingsvereniging (BBV) ingevolge die Brandwet. As gemeenskap maak hulle dan brandbane as voorkomingsmaatreël voor die brandseisoen op 1 Mei begin.

***Foto:** Marquard-brande, Oktober 2023 (verskaf).*

Lees meer »

VRYSTAAT

# BRANDE

## HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

# HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za



# ARTIKELS

## VERBI DIVINI MINISTER



# Saam met **kinders** vóór *Kersfees*

**Deur** ds Janke Hurter, Erediens Netwerk

"The lectionary says, 'repent and prepare', but the rhythms of many congregations say, 'children's Christmas program'. The calendar says, 'fast and pray', but Sunday schools schedule Christmas parties with cake and cookies. Advent says, 'not yet, not yet' but church-goers clamor to sing their favorite Christmas carols."

***(Ruth n.d.: aanlyn)***

Met hierdie woorde van Lester Ruth in 'n skrywe genaamd *Why not "Move" Advent to November* in gedagte, wil ek graag met Advent om die draai nadink oor die wyse waarop kinders kan bydra tot 'n liturgiese verdieping in die erediens. Hoe kan kinders help om ons aanbidding te verdiep, ook in Advent?

Wanneer ons praat oor die liturgies verdiepende rol wat kinders in die erediens kan speel, veral binne die NG Kerk, is dit nodig om ook verwysing te maak na die wyse waarop kinders tans bydra tot die liturgiese belewenis van 'n erediens.

Die bediening van kinders in die NG Kerk is uiteenlopend en neem verskillende vorms aan, ook wat eredienste betref. Dit wil lyk of aanbidding saam met kinders dikwels verstaan word tussen die twee uiterstes of dan "ideale van aanbidding": intergenerasioneel en kinderdienste.

In *Deconstructing Ideals of Worship with Children* (2019) verduidelik Lydia van Leersum-Bekebrede et al. egter dat hierdie verstaan van die twee "ideale van aanbidding" wat dikwels ook ons verstaan van aanbidding saam met kinders in die NG Kerk rig, nie as 'n genoegsame beskrywing dien nie. Van Leersum-Bekebrede et al. wys op die normatiwiteit wat nagespoor kan word in beide intergenerasionele aanbidding en teikengroep-aanbidding. 'n Gevoel van inklusiwiteit, asook eksklusiwiteit, kan in beide kategorieë geïdentifiseer word. Van Leersum-Bekebrede et al. wys op die normatiwiteit wat dikwels bedek word deur so 'n verstaan van aanbidding saam met kinders (wat slegs tussen die twee uiterstes van intergenerasionele aanbidding en teikengroep-aanbidding beweeg).

Van Leersum-Bekebrede et al. verwys onder andere na 'n mate van normatiwiteit wat ook te sien is in die wyse waarop konsepte soos liturgie, aanbidding, spiritualiteit en geloofsvorming by kinders verstaan word. As gevolg van hierdie normatiwiteit wat in aanbidding saam met kinders nagespoor kan word, is nie een van die twee "aanbiddingsideale" gewens vir elke situasie, gemeente en kind nie. Inteendeel, die idealisering van een soort aanbidding saam met kinders bó 'n ander, versuim om die kompleksiteit van die aanbiddingspraktyke saam met kinders te erken. Die diversiteit wat teenwoordig is in ons aanbidding met kinders kan nie genoegsaam verstaan en beskryf word deur slegs verwysings na intergenerationele en teikengroep-aanbidding nie. Wanneer hier oor kinders se teenwoordigheid in die erediens nagedink word, word daar nie aan kinders se teenwoordigheid gedink in terme van 'n groep wat vermaak of besig gehou moet word nie.

**Lees meer**

# ARTIKELS


UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

BEDIENINGSBEGELEIDING

Prof Wentzel Coetzer

**Twee splinternuwe publikasies oor Verslawing en ADD**

*Mariëtte Odendaal*




**Lees hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

DEGNOS

**Ds Poppie van Grootfontein**

*Mariëtte Odendaal*



**Lees hier »**

VENNOTE IN GETUIENIS

Islam

**Splintergroepe in Islam: Die *Sikhs***

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier »**

AFRIKA-EKUMENE

Malawi

**Ons susterskerk in Malawi stig nuwe gemeente: Cape Town CCAP**

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier »**

ALGEMEEN

Dr Frederick Marais

**Pelgrimstog van Hoop se Ligtoringroete**

*Oorgeneem uit Pelgrimstog van Hoop se Facebookblad, 8 November 2023*




**Lees hier »**

ALGEMEEN

Dr Jannie Theron

**Leraar verlaat bediening ná tref-en-trap-botsing**

*Oorgeneem uit Netwerk24, Volksblad deur Seugnet van Zyl, 8 November 2023*



**Lees hier »**

# KOUGOM 2024

## STUDENTEKAMP

# DIE TYD IS NOU

## 12-15 JANUARIE

**R 1000**

MOOIGENOEG
KAMPTERREIN

***Haal Weer Asem!***

**Hoor Hoe Die Stem van Jesus Ons Roep,
Soos Lazerus, Uit Die Graf Uit**

SKRYF NOU IN!
WWW.KOPANONGCHURCH.ORG/KOUGOM

VIR MEER INLIGTING

KOPANONG
BEDIENING

MEER INLIGTING BY WWW.KOPANONGCHURCH.ORG

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

## Ring van Harrismith

"Die fondse wat beskikbaar gestel is, het dit moontlik gemaak om hierdie sentrum by te staan en sodoende die nodige versorging aan mense te kan bly gee."

**Ds Hannes van Deventer**

*Skriba van die Ring van Harrismith*
*Leraar van NG Gemeente Villiers*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om daarmee gesamentlike ring-projekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Harrismith betref, is daar by die sinodale bedieninge Diens van Barmhartigheid en Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel ds Hannes van Deventer, skriba van die Ring van Harrismith en predikant van die NG Kerk Villiers.

**Ons het meer gaan uitvind oor die projekte waarvoor die GOUF-fondse in hul ring aangewend is. Hannes vertel:**

"Die Ring van Harrismith het besluit om dié fondse vir projekte in drie van ons dorpe in ons ring aan te wend. Die rede vir hierdie besluit is omdat die Ring van Harrismith uit verskeie gemeenskappe bestaan, elk met sy eie uitdagings. Daar is vier projekte daarmee bevoordeel; een elk in Vrede en Memel en twee in Villiers.

"Die eerste projek waarvoor die fondse aangewend is, was vir die kerkgebou van NG Kerk in Afrika Vrede. Die kerk se dak is waterdig gemaak en geverf. Die projek is egter só beplan dat dit oor 'n tydperk van 'n paar jaar stuk vir stuk uitgevoer sal word. In 2024 sal die plafon herstel word en die kerkgebou aan die binnekant geverf word.

**Lees meer »**

# MEDIATEEK

# PROTESTANT SPIRITUAL EXERCISES

## *Theology, History and Practice*

"The term "Protestant spirituality is sometimes considered to be an oxymoron. Spirituality has traditionally been seen as the domain of the Catholic faith, and not of the Protestant Reformation and its offshoots. That perspective is in error, as Dr. Joseph Driskill demonstrates in Protestant Spiritual Exercises, a book that introduces readers to the spirituality that evolved from Calvin, Luther, and many other Reformers.


This book, geared for use by seminary students and clergy and lay leaders within Protestant congregations, helps readers discover their rich spiritual heritage through an examination of its history and practice and the theological affirmations that undergird it. For use either as a textbook for training future clergy, or within the congregation itself to further develop the spiritual life of the parish, this book is practical on many levels. Actual practices (the Prayer of Examen, Luther's Four-Stranded Garland and others) can be used in spiritual formation of individuals and groups. Driskill also helps leaders learn how to use the exercises, making them aware of gender and age issues, the role of the setting in which the exercises are used, and good leadership skills."

- ***Oorgeneem uit*** *www.midtownreader.com*

**Joseph D. Driskill**

*MOREHOUSE PUBLISHING*

*MARCH 1ST, 1999 / ENGLISH / PAPERBACK*




## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# Deel van God se storie

Vrouekonferensie

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

## 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

### AANBIEDERS

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

**BESPREKINGS NOU OOP**

BESPREEK HIER:
HTTPS://QKT.IO/UFZL2G

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat




# DIE $CO_2$-‘KOMBERS’ OM ONS AARDE RAAK AL DIKKER

## Klimaatsverandering

Die passasiers op die Titanic sou nooit kon droom dat dié magtige skip sou sink nie. As dit egter reg bestuur was, sou die ysberg vermy kon gewees het en ongeveer 1 500 mense nie verdrink het nie. Ons aardbewoners kan nog iets daaraan doen om ons mooi planeet te red, maar wie neem dit eintlik ernstig op? Klimaatsverandering verwys na langtermyn-verskuiwings in temperature en weerpatrone, hoofsaaklik veroorsaak deur menslike aktiwiteite, veral die verbranding van fossielbrandstowwe. Maar het jy al visueel gesien watter lande hulle die ergste daaraan skuldig maak? Die goeie nuus is dat daar wel iets aan gedoen kan word. **Lees meer** daaroor en fokus veral op dit wat jy as individu daaraan kan doen.

United Nations

Lees meer »

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

# 18DE ALGEMENE SINODE 2023

BIRCHWOOD | SONDAG – 15 OKTOBER –
TOT VRYDAG – 20 OKTOBER – 2023

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

# SINODENUUS

## DEEL TWEE VAN DRIE

## ***Stemme** uit/by die sinode*

'Ek besef by Algemene Sinode om te kla is nie die antwoord nie'
*Kerkbode / 1 November 2023 / Briewe*
*Nico Smit*

'Ek het emigreer van ou SA na nuwe SA' – Vrystaatse boer vertel van sy geloofsreis van haat na vergifnis
*Kerkbode / 27 Oktober 2023 / Hoopstories*
*Heléne Meissenheimer*

'Hulle noem my Mama Jean'
*Kerkbode / 26 Oktober 2023 / @sinode*
*Le Roux Schoeman*

'Stronger together,' dis waar die kerk werk
*Kerkbode / 25 Oktober 2023 / Nuus*

'In ons lyf is daar iets wat ons keer om net weg te loop van mekaar'
*Kerkbode / 23 Oktober 2023 / @sinode*
*Frederick Marais*

'Dié lied bied iets tasbaar om aan vas te hou in moeilike gesprekke'
*Kerkbode / 19 Oktober 2023 / @sinode*
*Estian Mentz*

'Ons' en 'hulle' is woorde soos bomme wat op ons lewenshuis gegooi word
*Kerkbode / 18 Oktober 2023 / @sinode*
*Piet Retief*

'Jesus se gelykenisse gee ons krag om in te spring en 'n verskil te maak'
*Kerkbode / 17 Oktober 2023 / @sinode*
*Danie Mouton*

Oorgeneem uit ***Kerkbode***, ***Bybel-Media***, ***NG Kerk***



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier



Klik hier

REGISTER NOW!

# INFORMATION BROCHURE

# SPIRITUAL DIRECTION REFRESHER COURSE 2024

Everyone who has completed the spiritual direction course since 2006 are invited to enroll for the spiritual direction refresher course.
The refresher course is specifically aimed at people who want to be spiritual directors accredited with the Centre for Spirituality.

**The aim of the refresher course is to:**

- re-ignite our passion for spiritual direction;
- sharpen our skill as spiritual directors; and
- accredit participants as spiritual directors with the Center for Spirituality.

**Requirements during the year of the refresher course:**

- to start or continue your own process of spiritual direction (supervision);
- to practice a daily personal contemplative practice (Centering Prayer); and
- to attend one 3 night guided silent retreat during the year.

## Format of the refresher course:

4 blocks of two days each focused
on equipment and training

19/20 March
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00 -15:00
Theme: Faith practices
The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

18/19 June
*(2 mornings on zoom)*
9:00 – 13:00
Theme: The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

20/21 August
*(2 mornings on zoom)*
9:00-13:00
Theme: Image of God and view of Scripture
Spiritual Direction in Practice

22/23 October
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00-15:00
Theme: Discernment and Vocation
Spiritual Direction in Practice

LEARN MORE

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Die jaar van God se genade

VBO FORUM

**15 - 16 November** | Die vierde van vanjaar se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar: "*Advent en Epifanie*". Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van Advent en Kersfees en Epifaniefees en die Sondae ná Epifanie. 'n Aanlynaanbieding deur dr André Bartlett. Koste: R105 | VBO: 20 punte Sluitingsdatum: 13 November 2023. Navrae @ Rika by excelsus@up.ac.za

Lees meer + Registreer +

## Dié kursusse open nuwe deure

VBO FORUM

Elk van hierdie kursusse bevat 12 sub-temas en studente kan enige tyd van die jaar registreer. Al die kursusse word via afstandonderrig aangebied. Leraars ontvang 55 VBO-punte vir elke kursus en 20 punte vir lede van CPSC (Beradersvereniging). Ná suksesvolle voltooiing van enige van dié Jaarkursusse kan daar ook aansoek gedoen word vir amptelike registrasie as Pastorale Berader by CPSC. Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie. Studente kan in enige stadium van die jaar registreer. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer +

## Inleiding tot Emosionele Logika

VBO FORUM

Voel jy kwaad en magteloos oor beurtkrag? Ontdek die logika van jou emosies.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Nuusbrief**
*Missie Japan*

**Lees hier**

*Oorgeneem uit (c) 2023 Mission Japan*

**Publikasie**
*Geskape – Geroep – Gestuur*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

**Publikasie**
*Saam na lewe*

**Loer hier**

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**LiG skep nuwe YouTube-kanaal in vennootskap met VIA**

*Kerkbode / 7 November 2023 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

ELDERS GESIEN
**'Dit is 'n kerk wat nie terugdeins van moeilike gesprekke nie' – Lizl-Louise Schoeman se indrukke van die Algemene Sinode**

*Kerkbode / 7 November 2023 / Nuus*

ELDERS GELEES
**'Ons wil as Gereformeerde kerk bly reformeer' – Jan Lubbe oor die NG Kerk se pad vorentoe**

*Kerkbode / 6 November 2023 / Nuus*

**Só gee jy 'n geskenk van omgee en hoop aan kinders: Kerkbode vat weer hande met Kinderkerskous-projek**

*Kerkbode / 26 Oktober 2023 / Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

**Nuut**

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2023**

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP**

**Ds CF van der Linde** van NG Gemeente Vryburg-Wes is beroep na NG Gemeente Hennenman.

*(Kerkbode / 3 November 2023 / Amptelik)*

# VERJAARSDAE



**Veels geluk!**

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## NOVEMBER »

| | |
|---|---|
| 12 | Dr Jan de Man<br>**TAAIBOSSPRUIT \| VILJOENSDRIF** |
| 12 | Mev Naomi Sereeco<br>**MOOIGENOEG KAMPTERREIN** |
| 13 | Ds Fanus Coetzee<br>**SENEKAL** |
| 16 | Ds Gerrit Strydom<br>**REITZ** |
| 21 | Ds Ulrich Ohlhoff<br>**HARRISMITH** |
| 22 | Ds Michael Rautenbach<br>**WESSELSBRON** |
| 22 | Mnr Isaac Thutsa<br>**BOUDEPARTEMENT** |

# DIE VERLORE SKAPIE

## Die Kerk

deur MARTIN SCHWELLA




“Dit is Sondag in Blêrfontein en dit beteken net een ding; dit is kerk! Al die diere is op pad na die kerk vir die diens. Daar is groot opwinding!

Leon, die lammertjie, is ook op pad. Sy beste blêr, Tjoppie, het hom saamgenooi. Dit is die eerste keer wat Leon kerk toe gaan, of kom ons sê eerder dat dit die eerste keer is wat Leon bewus is daarvan. Leon was al in die kerk toe hy baie klein was, maar hiervan sal hy nog uitvind.

Leon het by die kerk aangekom en hy staan vir ‘n oomblik stil. Hy is baie nuuskierig oor die kerk. Hy wil meer weet oor Sy Herder en die kerk is verseker die beste plek om dit te doen!

Leon kyk weer omhoog na die bo-punt van die kerktoring. “Hmmm, daardie hoender sit nog steeds daar!” praat hy hardop met homself. Leon kyk natuurlik na die weerhaan en hy wil definitief meer daarvan weet, maar voordat hy iemand kon vra…

“Hey my Blêr!” Dit is Tjoppie en hy stap so bietjie vinniger as gewoonlik. “Kom my Blêrtjie! Ons wil nie laat wees nie!” roep Tjoppie en trek vir Leon saam. Leon het baie vrae, maar dit gaan eers moet wag, want Tjoppie loop met ‘n doel en dit op ‘n redelike pas.



Toe hulle by die voorportaal ingaan sien Leon ‘n vriendelike oom wat hulle groet. Dit is die koster van die kerk. “Môre Oompie!” groet Tjoppie hom in die verbygaan. Leon lig net sy pootjie en glimlag. Op pad, deur die voorportaal, groet hulle nog ‘n paar diere totdat hulle in die kerk is.

Dit is besonders! Leon stop net daar in sy spore. Tjoppie los vir Leon. “Ek kry solank ‘n sitplek, Blêr!” sê Tjoppie vir Leon, maar Leon hoor dit nie. Leon is in verwondering terwyl hy die binnekant van die kerk aanskou.

Hy sien die hoogste dak wat hy al ooit gesien het. Hy sien groot geel vensters met die son se strale wat helder deurskyn – dit lyk of hulle dans. Terwyl Leon kyk na die dak, sien hy sulke groot pype wat amper aan die dak raak. Dit is die orrelpype.

**Lees meer hier, my BLÊR**

TEKS: **MATTEUS 5:16** (AFR83)

**Ds Jors Reynders** | Leraar van NG Gemeente Bloemheuwel

# 'n Sesde "Sola?": *Liefde?*

*16 "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."*

**MATTEUS 5:16 AFR83**

Met Hervorming-Sondag so pas agter die rug en die kerkjaar van 2023 wat met "Koninkrykstyd" eersdaags ten einde loop, het ek gewonder of lidmate altyd die verband raaksien tussen die groot Christelike feestye vanaf Advent tot met Pinkstertyd en Koninkrykstyd, wat dan in die tweede helfte van die jaar aanbreek.

Dit gaan immers daaroor dat die heil- of verlossingsdade van God deur Jesus Christus moet uitmond in die praktyke en lewenstyl van Jesus se kerk in hierdie stukkende wêreld. Soos vers 16 van Matteus 5 tereg sê dat die Godgeseëndes se lewens (goeie dade) soos lig sal skyn in 'n donker wêreld. Dis in hierdie teks sommer al duidelik waarom die kerk en lidmate die missionaliteit van die kerk ernstig moet opneem.

Die lig van God behoort voor die mense te skyn, sodat die gelowiges die regte pad kan aanwys vir die samelewing wat nog in die duister verkeer.

Let wel, die lig van gelowiges moet "voor" die mense skyn, om só 'n alternatiewe lewenstyl, vry van eersug of selfsug, te modelleer! Die kerk se lig skyn nie hovaardig en meerderwaardig "oor" mense neer wat nog in die duister lewe nie. Nee, terwyl ek en jy "tussen" die mense is, word ons as gelowiges gestuur om die pad vorentoe vir die wêreldlinge te belig.

Die vraag bly dan: "Hoe doen ons dit?" Die voor-die-hand-liggende antwoord is: Deur die LIEFDE, wat die kern van God se eie wese en sy gebod is, uit te leef.

**Lees meer** »



Foto: **Ds Jors Reynders**


NG Kerk
Vrystaat
2024
STUDENTE
BEURSAANSOEKE
NOU OOP!
DOEN AANSOEK
KONTAK ONS
Tertius Botha
(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za
Aansoeke sluit
31 JANUARIE 2024

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



**TERTIUS BOTHA**

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking